



## **ADVERTENSIE:**

### **VAKATURES OUDIT & PRESTASIE OUDITKOMITEE LEDE**

**Aansoeke word ingewag van persone om as lede van die Overstrand Munisipaliteit se Ouditkomitee en Prestasie Ouditkomitee te dien.**

Die Ouditkomitees word ingestel ingevolge die bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur Wet 56 van 2003 en Munisipale Stelsels Wet 32 van 2000. Lede word vergoed volgens tariewe soos van tyd tot tyd voorsien deur die Nasionale Tesourie.

Hierdie komitees vervul 'n oorsigtelike rol ten opsigte van die totale administrasie en prestasie van die Overstrand Munisipaliteit. Die aanstelling is vir 'n tydperk van drie (3) jaar, waarna die persoon heraan gestel kan word en/ of termyn verleng kan word vir 'n verdere tydperk van drie (3) jaar.

Aansoekers moet aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) Moet ten minste vyf (5) jaar toepaslike ervaring hê, as 'n ouditkomiteelid;
- (b) 'n Toepaslike tersiêre kwalifikasie in enige van die volgende velde:
  - Finansiële Bestuur en Rekeningkunde
  - Administrasie en Bestuur (Interne Oudit, Eksterne Oudit, IT, Menslike Hulpbronne)
  - Risikobestuur
  - Prestasiebestuur
  - Openbare Administrasie
  - Regte

Aanvullend tot bogenoemde, sal voorkeur gegee word aan persone met kennis van munisipale administrasie en wetgewing wat van toepassing is op plaaslike regering.

- (c) nie gelyktydig dien op meer as drie (3) plaaslike regering ouditkomitees nie.

Om aansoek te doen, stuur 'n omvattende Curriculum Vitae (CV) met dekbrief aan die Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20, Hermanus 7200 of e-pos aan [cgroenewald@overstrand.gov.za](mailto:cgroenewald@overstrand.gov.za)

Let wel: Gewaarmerkte afskrifte van u kwalifikasie(s) word vir keuring vereis en moet u CV vergesel. Aansoekers wat nie al die ondersteunende dokumentasie indien nie, sal nie vir hierdie pos oorweeg word nie. Neem asseblief kennis dat ontvangs van aansoeke nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie.

**Sluitingsdatum: 13 Mei 2019**

**Indien u nie binne ses (6) weke na die sluitingsdatum van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.**